

SA pluk steeds die vrugte van verbeterde inkomste-invordering

Tshwane, 3 April 2023 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig graag sy voorlopige inkomste-invorderingsuitslae aan vir die 2022/23 finansiële jaar, wat 'n noemenswaardige groeitrajek oor die afgelope paar jaar toon.

Die inkomste wat jaarliks ingevorder word, verskaf 90% van die regering se fondse, wat SARS se lewensbelangrike rol toon met die verskaffing van hulpbronne wat die regering kan gebruik vir die rekonstruksie en herstel van die Suid-Afrikaanse ekonomie, asook bydrae tot die langtermyn welvaart van ons nasie.

Teen middernag op 31 Maart 2023, het SARS 'n bruto bedrag van R2 067 miljard ingevorder. Die netto invordering, na die uitbetaling van R381.1 miljard in terugbetalings, is R1 686.7 miljard. Dit is die eerste keer sedert sy instelling dat SARS meer as R2 068 miljard invorder. Die bedrag wat in terugbetalings uitbetaal is, is ook die hoogste sedert dié se instelling.

Die 2023-brutobedrag verteenwoordig 'n styging van 9.7% teenoor die 2022-invordering van R1 884.9 miljard, onderwyl die terugbetalings wat in 2023 uitbetaal is 'n styging van 18.7% verteenwoordig teenoor 2022 se bedrag van R321.1 miljard. Die 2023 netto-inkomste ingevorder, verteenwoordig 'n jaar-op-jaar styging van 7.9% teenoor die 2022-nettobedrag van R1 563.8 miljard.

Die netto bedrag van R1 687 miljard moet oorweeg word teenoor die 2021/22 uitslag van R1.568 triljoen, wat 'n jaar-op-jaar styging van R123 miljard verteenwoordig.

Die prestering van R1.687 triljoen verteenwoordig 'n jaar-op-jaar groei van 7.86% teenoor 'n nominale BBP-groei van nagenoeg 5.8% of 'n belastingveerkragtigheid van 1.38. Die minister het in Februarie 2023 'n addisionele uitdaging van R 94 miljard gestel, en teenoor hierdie nuwe skatting van R1 692 miljard het SARS 99.7% behaal.

Soos gestel deur die minister van finansies, mnr Enoch Godongwana, in sy 2023-begrotingsrede, "ons land pluk die vrugte van 'n meer doeltreffende belastingadministrasie, wat behels die bou van vertroue om vrywillige nakoming te verskerp en inkomste-invorderings 'n hupstoot te gee."

Vergeleke die 2022-inkomste-uitslag, is groei in alle belastingsoorte aangeteken. Persoonlike inkomstebelasting (PIB) het met 8.3% gegroei tot R601.7 miljard, maatskappye inkomstebelasting (MIB) het met 7.6% gegroei tot R348.0 miljard, belasting op toegevoegde waarde (BTW) het met 8.0% gegroei tot R422.2 miljard, en doeane en ander belasting het met 27.4% gegroei tot R 73.9 miljard.

Nakomingsinkomste, as resultaat van geteikende ingrypings oor alle segmente van belastingpligtiges heen, het R227 miljard in inkomste opgelewer, vergeleke verlede jaar se syfer van R215.4 miljard. Hierdie ingrypings sluit in gefokusde skuldinvordering, fokus op kriminele en onwettige aktiwiteite, en verklaringsnakoming onder grootsake ondernemings, onder andere.

Ander winste hierdie jaar sluit in 'n styging in positiewe publieke sentiment, van 71.8% in 2021/22 tot 76.5% in 2022/23, gemeet deur 'n publieke opinie-vraelys.

Die 2023 finansiële jaareinde uitslae is 'n belangrike aanduiding van SARS se toegewydheid tot die implementering van sy wetlike mandaat wat die invordering van alle verskuldige inkomste, die bevordering van 'n kultuur van nakoming en die fasilitering van regmatige handel behels.

Hierdie mandaat word opgesom in 'n belangrike beginsel wat die werk van SARS lei, ook bekend as die "hoër doelwit". Dit beteken dat die inkomste wat SARS invorder die regering in staat stel om 'n demokratiese staat te bou wat volhoubare ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling koester in die belange en welstand van alle Suid-Afrikaners.

In praktiese terme beteken dit dat die regering in staat is om toelaes vir bejaardes te betaal, finansiële hulp aan studente te verskaf, klinieke en skole te bou en ander basiese dienste te verskaf.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat die voortslepende mylpale wat SARS bereik 'n belangrike aanduiding is van die toegewydheid van SARS-personeel om belastingpligtiges en handelaars te bedien met professionaliteit, toewyding, passie en integriteit, ooreenstemmig die hoër doelwit.

Die reis jeens die herbeelding van SARS, sluit in die instelling van 'n eenheid wat hoë-nettowaarde-individue hanteer, en die herinstelling van die grootsake en internasionale segmente. Hierdie stap het SARS in staat gestel om 'n eind-tot-eind gesegmenteerde en aangepaste diens te verskaf, en nakomingswaardeproposisie aan individue en groot besighede. Ons begin om die positiewe resultate in hierdie area waar te neem. SARS het R528.3 miljard in hierdie twee segmente ingevorder. Ons is tevrede met die verhoogde vlak van nakoming en sal die werk voortsit. Net so belangrik, is die verhoogde fokus op alle areas van nienakoming, insluitend basiserosie en winsverskuiwing, asook aggressiewe belastingvermyding deur ingewikkelde strukturering van belasting sake deur hoë-nettowaarde individue en multinasionale entiteite.

SARS het in 2022/23 volhou in die verfyning van van sy vermoë om moedswillige nienakomende belastingpligtiges na te speur en dit vir hulle duur en moeilik te maak.

SARS administreer steeds 'n permanente vrywillige blootleggingsprogram (VBP) vir kwalifiserende individue, maatskappye of trusts wat hul belastingsake vrywillig wil blootlê en regulariseer. In die 2022/23 finansiële jaar, het die VBP R 3.68 miljard (0.2%) bygedra tot die voorlopige bruto inkomste uitslag.

Beurtkrag het 'n aftakelende uitwerking op ons land se ekonomie en inkomste-invordering. Die aanhoudende elektrisiteitsonderbrekings, het 'n impak op algehele winsgewendheid en beperk normale lewens en sakegroei. Tog verskaf beurtkrag geleenthede aan subsektore wat betrokke is by hernubare energie. Ons neem ook 'n styging waar in die invoer van hernubare energie-verwante produkte, wat tot voordeel van die fiskus is.

Waar ons aan die begin van 'n nuwe finansiële jaar staan, sal SARS volhard in die verkenning van alle strome van inkomste-invordering. Die ewig-ontwikkelende wêreld van werk bring nuwe geleenthede na vore. Ons het nie hierdie veranderde omgewing ver wag toe ons produkte ontwerp het om te reageer op uitdagings in die ekonomie nie. Natuurlik sal die instaatstellende wetgewende raamwerk aangepas word om met hierdie nuwe omgewing tred te hou. Daarom verfyn ons ons hulpmiddels, onder andere, om voorsiening te maak vir die gig-ekonomie en ander areas van die digitale ekonomie, insluted die rol van media-beïnvloeders.

SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het sy opregte dank uitgespreek teenoor die personeel van SARS en teenoor nakomende belastingpligtiges en handelaars vir hul bydrae tot hierdie noemenswaardige inkomste-uitslag.

"SARS-werknemers, nakomende belastingpligtiges en handelaars, belastingpraktisyne, landsburgers, asook ander belanghebbendes in die belasting-ekosisteam, is almal nasiebouers wat saam werk jeens die verdieping van ons demokrasie en die oorkoming van uitdagings van hoë vlakke van armoede, werkloosheid en ongelykheid.

"Die uitdaging mag soms skrikwekkend lyk, maar ons moet hierdie bevoorregte rol bly speel om ons nasie te bou deur die maksimalisering van inkomste-invordering, fasilitering van regmatige handeldryf, verbetering van vrywillige nakoming en die ontworteling van bedrog en korrupsie. Soos die vader van ons nasie, mnr. Nelson Mandela, dit gestel het, "dit is alles in ons hande".

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE